Suid Afrikaanse Stoei Federasie

Finansiële beleid 2010

A) Eis prosedure
Sien aanhangsel 1.
Alle eis vorms moet vergesel word van stawende bewyse, elektroniese bewyse moet in die vorm wees van ‘n nie veranderbare dokument (bv. tif, pdf of jpeg formaat) die bewyse moet geteken wees deur die eiser ter bevestiging dat die bewysstuk korrek is.
Eisvorms moet geteken word deur 3 persone:

1. Eiser
2. Indien daar ‘n opdraggewer was van die uitgawe of iemand wat daarvan kennis dra bv. Hoof van ‘n raad of lid van ‘n raad. Alternatiewelik ‘n Uitvoerende Kommitee Lid wat bevestig hy kennis dra van die eis en voel dit is toelaatbaar.
3. Tesourier

Bedrae word betaal aan die eiser.
Die persone wat gemagtig is om tjeks te teken of internet uitbetalings te maak is:
President – Willem Putter
1ste Vise President – Sakkie Bosse
Tesourier – Pieter Smith
2 van die drie persone moet tjeks teken.

Internet betalings word as volg gedoen:

- Tesourier (Pieter Smith) laai betaling wat ook tel as eerste goedkeuring.
- President (Willem Putter) of 1ste Vise President (Sakkie Bosse) is 2de goedkeurder wat betaling laat deur gaan.

B) Interne kontrole standaarde
Lede van die SASF besef dat hulle met ander se geld werk en dat die tipiese kontrole maatreëls in ‘n sport organisasie swaar steun op integriteit van die individu. Die lede streef om die volgende basiese kontroles te volg:

1. Verdeling van pligte (bv. dieselfde persoon moet nie die kwotasies kry, uitgawe betaal en goedkeur nie, eerder moet 1 persoon die kwotasies kry en die betalings voorberei maar ‘n tweede persoon moet die betaling maak / goedkeur, na die dokumente nagegaan is).
2. Alle inkomste en uitgawes moet deur ‘n dokument / bewys gestaaf kan word.
3. Daar moet onpartydige hersiening wees van inkomstes en uitgawes.
4. Uitgawes moet goedgekeur wees voor hulle aangegaan word (begroting of meerderheid van Uitvoerende Bestuurs).

C) Beperking van koste

Sover moontlik word uitgawes beperk, so sal:

1. Werklike uitgawes aangegaan betaal word as dit minder is as die maksimum toelaatbare bedrag.
2. Slegs as daar vooraf toestemming was van die uitvoerende bestuur sal ‘n duurder opsie betaal word. ‘n Voorbeeld is indien dit goedkoper is om te vlieg maar die persoon verkies om met sy eie motor te ry sal die eis beperk word tot die kostes asof die persoon gevlieg het.
3. Vliegtuig kaartjies moet vroegtydig gekoop word om te verseker die koste bly laag.

D) Telefoon

1. Die Ere President ontvang ‘n maandelikse toelae van R165.
2. Die President sal gereeld ‘n rekening lewer van werklike kostes aangegaan vir telefoon en internet bank dienste.
3. Die Sekretaris Generaal het ‘n aparte lyn vir Federasie sake wat deur die Federasie betaal word.
4. Vise Presidente ontvang maandeliks ‘n toelae van R165.
5. Die Tesourier ontvang maandeliks ‘n toelaag van R290 vir telefoon en internet bank dienste.
6. Die Assistent Sekretaris Generaal ontvang maandeliks ‘n toelae van R150.
7. Die Assistent Sekretaris ontvang maandeliks ‘n toelae van R150.
8. Die Hulp Tesourier ontvang maandeliks ‘n toelae van R150.
9. Die Voorsitters van die volgende rade / kommitees ontvang ook elk ‘n maandelikse toelae van R150.
    i. Beamptes.
    ii. Afrigters.
    iii. Medies.
    iv. Media.
    v. Spanbestuurders.
    vi. Ontwikkeling.
    vii. Befondsing.

Die toelaes is vir die volle jaar betaalbaar.

Persone wat met spesiale projekte getaak word en in die uitvoering van hulle pligte addisionele of ander uitgawes aangaan kan aansoek doen by die Uitvoerende Bestuur dat die uitgawes vergoed word. Die uitgawes moet goedgekeur word en bewyse moet voorgelê word.

E) Reiskostes – Verenigings

Daar word ‘n subsidie vir reis uitgawes betaal aan provinsies wat ten minste 2 Algemene Bestuurs Vergaderings (LW. Net Algemene Bestuurs Vergaderings) per kalender jaar bywoon. Die subsidie is betaalbaar na die bywoning van die 2de vergadering, ‘n eis vorm moet deur die betrokke provinsie by die SASF Tesourier ingedien word. Die vergoeding moet aan die persoon(e) wat die vergaderings bygewoon het betaal word indien die persone die koste self gedra het, indien die provinsie die koste gedra het hou die provinsie die geld. Provinsies wat die 3de Algemene Bestuurs Vergadering bywoon sal geregtig wees op ‘n verdere 50% van die onderstaande subsidie. (Die rede vir hierdie subsidie is dat Algemene bestuurs vergaderings histories swak ondersteun word maar is’n belangrike deel van die bestuur van stoei).

Die subsidie is:

Vereniging	Totale subsidie
Westelike Provinsie 1420 km	R2 840
Boland 1350 km	R2 700
Oostelike Provinsie 1100 km	R2 200
Natal 660 km	R1 320
Noord Kaap 540 km	R1 080
Suid Vrystaat 450 km	R 900
Limpopo 370 km	R 740
Noord Vrystaat 310 km	R 620
Noord Wes 225 km	R 450
Sedibeng 120 km	R 240
Mpumalanga 110 km	R 220

LW. Hierdie subsidie is bereken vir vergaderings wat by die Noord Gauteng Stoei Saal gehou word. Sou die vergaderings elders plaasvind sal die subsidie herbereken word teen R1 per km. Distansies is vanaf die Provinsie se President se dorp tot Noord Gauteng Saal bereken.

Verenigings wat se hoof kantoor binne 100 km van die vergader punt val ontvang geen subsidie nie.

F) Reiskostes – UB – Vergaderings

Ere-President: Jannie Taljard	R 450
President: Willem Putter	R 130
Vise-President: Sakkie Bosse	Vlieg
Vise-President: Cobus Minnaar	R 100
Vise-President: Faizel Van Wyk	Vlieg
Sekretaris Generaal: Manie Van Den Berg	R 320
Assistent Sek. Gen.: Corrie Muller	R 130
Assistent Vir Sekretaris: Hennie Van Heerden	R 360
Tesourier: Pieter Smith	R 410
Hulp-Tesourier: Anna Addinall	R 130
Voorsitter Beampteraad: Charles Villet	R 130
Voorsitter Afrigtersraad: Nico Coetzee	R 130
Voorsitter Medieseraad: Pat van der Merwe	Vlieg
Voorsitter Spanbestuurdersraad: Leon Faasen	R 130
Voorsitter Ontwikkelingsraad: Jan Bezuidenhout	R 620
Voorsitter Bemarking: Marga Odendaal	R 100
Voorsitter Befondsing: Ravindren Naidoo	R 130

LW. Hierdie subsidie is bereken vir vergaderings wat by die Noord Gauteng Stoei Saal gehou word. Sou die vergaderings elders plaasvind sal die subsidie herbereken word teen R1 per km met ‘n R100 minimum.

Huur voertuie vir persone wat vlieg
Sakkie Bosse en Pat van der Merwe deel ‘n huur voertuig. Faizel van Wyk maak gebruik van sy eie huur voertuig.

Verblyf toelae
Geen verblyf toelae word betaal nie met die uitsondering van Faizel van Wyk omdat daar geen vlugte wat vroeg genoeg land op Saterdae vanaf Port Elizabeth nie en ook

geen vlugte vertrek op Saterdae na 13h00 nie. Bewyse moet ingedien word. Die eis word tot ‘n maksimum van R600 per dag beperk.

Skype kostes
Persone wat Uitvoerende Bestuurs Vergaderings m.b.v. Skype deur die internet bywoon moet bewyse voorlê wat hulle band wyte (Mega Bytes) gebruik vir die vergadering en sal daarvoor vergoed word.

‘n Eis vorm moet aan die Tesourier gestuur deur die persone wat vlieg. Persone wat ry ontvang hulle uitbetalings sonder dat ‘n eis vorm ingedien word, die getekende presensie lys dien as bewysstuk vir die Tesourier.

G) Reiskoste ander
1. Indien ‘n persoon(e) opdrag gegee word om namens die SASF ‘n geleentheid by te woon word reis koste vergoed teen R1 per kilometer.
2. Indien dit vir die persoon nodig is om te oornag word ‘n maksimum bedrag van R600 per nag betaal.
3. Vir nie geskeduleerde Uitvoerende Bestuurs en ander Vergaderings word reiskoste ook teen R1 per kilometer vergoed.

H) Reis- en verblyfkostes – SA Kampioenskappe en Gradering
Daar word van die volgende persone verwag om bogenoemde SA aangeleenthede by te woon:
1. President
2. Sekretaris Generaal
3. Hoof van die Afrigtersraad
4. Hoof van die Beampteraad
5. Hoof van die Medieseraad
6. Hoof van die Spanbestuurdersraad

Die persone wat die geleentheid by woon word reis koste vergoed teen R1 per kilometer. Tolhekke word ook vergoed. Indien dit vir die persoon nodig is om te oornag word ‘n maksimum bedrag van R600 per nag betaal. ‘n Eisvorm met bewysstukke per punt A) moet ingedien word.
- Die Tesourier word vergoed vir verblyf en reis koste alleenlik vir die laaste SA Kampioenskappe voor die Algemene Jaar Vergadering aangesien daar baie finale administrasie tussen die tesourier en provinsies is om af te handel voor die finansiële jaar einde waar die tesourier dan gespreek kan word..

I) Administratiewe Beamptes
1. Meeste van die loting toerusting (rekenaars en drukkers) by SA Kampioenskappe word gehuur maar indien Administratiewe beamptes drukkers of rekenaars van hulle eie bring sal huur van R100 per persoon betaal word.
2. Lotings beamptes ontvang verder ‘n toelae van R100 per dag betaal van die SASF.

Die Sekretaris Generaal of Hoof van Loting vir die dag moet ‘n aantal persone wat ‘n aangeleentheid gaan bywoon by die tesourier in waarna die geld aan die Sekretaris Generaal of Hoof van Loting vir die dag uitbetaal word. Bewys van uitbetaling (handtekeninge) word later aan tesourier gestuur,

J) Afrigters
Finansiële hulp van R2750 word deur die SASF aan elke afrigter, wat aangewys word om ‘n amptelike SA span na die buiteland te vergesel, betaal. Die Afrigtersraad mag ook ‘n bydrae maak vir die afrigter(s) maar dit mag nie R2750 oorskry nie.

FILA kursus bydra is R6600 per afrigter beperk tot 1 afrigter per styl (LL, GR, VS en GRPL).

Nie amptelike afrigters wat die span vergesel ontvang gewoonlik geen finansiële hulp nie maar die Afrigtersraad kan wel aan sulke afrigters hulp verleen maar ‘n Uitvoerende Bestuur Vergadering moet dit bespreek en goedkeur.

K) Beamptes
Finansiële hulp van R2750 word deur die SASF aan elke beampte, wat aangewys word om ‘n Amptelike SA span na die buiteland te vergesel, betaal. Die Beampteraad mag ook ‘n bydrae maak vir die beampte(s).

FILA Beampte kongres bydrae is R6600 beperk tot 2 beamptes.

Omdat dit moeilik is om beamptes te kry vir toere as daar nie ‘n opgraderings moontlikheid is nie word R3750 vir sulke toere bygedra deur die SASF.

Beamptes wat nie amptelike spanne of stoeiers vergesel ontvang gewoonlik geen finansiële hulp nie maar die SASF kan wel aan sulke beamptes hulp verleen maar ‘n Uitvoerende Bestuur Vergadering moet dit bespreek en goedkeur.

Omrede die boete van FILA vir te min beamptes 2000 Switserse Frank is mag dit nodig wees vir groter bydraes om finale koste te bespaar maar elke saak word op meriete oorweeg deur die Uitvoerende Bestuur.

L) Spanbestuurders
Finansiële hulp van R2750 word deur die SASF aan elke spanbestuurder, wat aangewys word om ‘n amptelike SA span na die buiteland te vergesel, betaal. Die Spanbestuurdersraad mag ook ‘n bydrae maak vir die spanbestuurder(s) maar dit mag nie R2750 oorskry nie.

Nie amptelike spanbestuurders wat die span vergesel ontvang gewoonlik geen finansiële hulp nie maar die Spanbestuurdersraad kan wel aan sulke spanbestuurders hulp verleen maar ‘n Uitvoerende Bestuur Vergadering moet dit bespreek en goedkeur.

M) Aansporings Toelaag
Aansporings aan stoeiers wat presteer by Afrika-, Grand Prix- en Wêreld Kampioenskappe vorm deel van hierdie riglyne maar daar word nie hiervoor begroot in die 2009 begroting nie. Die Uitvoerende Bestuurs Vergadering kan dit wel van tyd tot tyd hersien.

Geteken te Noord Gauteng Stoei Saal 17 April 2010:

_____

WJ Putter – President

Geteken te ……. April 2010

_____

PJC Smith - Tesourier

SA STOEIFEDERASIE

SA WRESTLING FEDERATION

EXPENCE CLAIM

To: The Treasurer
SASF
Cell: 083 324 8697
Fax: 086 679 9584

Claimant:
Name: _____
Address: _____
_____

Reason for the claim (i.e. Executive Committee Meeting)
_____
_____

Summary of expenses

Travelling Expenses: _____ km @ _____ cent per km R _____
Vehicle Rental: ..... R _____
Telephone: ..... R _____
Postage: ..... R _____
Refreshments: ..... R _____
Accommodation: ..... R _____
Printing & Stationary: ..... R _____
Other (Specify):
_____ R _____
_____ R _____
_____ R _____
_____ R _____
_____ R _____
Total R _____

Claimants bank details for payment:
Bank: _____
Branch: _____
Account number: _____
Account holder: _____

Signature Claimant: _____ Date: _____

Approved _____ _____ _____
Signature: Name Date

Signature Treasurer: _____ Date: _____